



Die Fakulteit Ingenieurswese Dekaaansfonds

Die Fakulteit Ingenieurswese, wat in 1944 tot stand gekom het, is 'n belangrike voorsiener van ingenieurs van hoë gehalte in chemiese, siviele, elektriese en elektroniese, bedryfs-, en meganiese en megatroniese ingenieurswese. Die Fakulteit het 'n tradisie van noue samewerking met die industrie deur kontraknavorsing, en spog met uitstekende personeel, eksperimentele laboratoria, rekenaarfasiliteite en navorsingsinfrastruktuur.

As deel van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek is die Fakulteit Ingenieurswese slaggeë om waardevolle bydraes tot navorsingsuitsette, talentontwikkeling vir ekonomiese groei en nuwe toepassings vir die praktyk te lewer. Die gebrek aan ingenieursvaardighede in Suid-Afrika en Afrika se arbeidsmarkte is 'n groot uitdaging met ernstige langtermyngevolge. Ten einde dit die hoof te bied, het die Fakulteit Ingenieurswese 'n Dekaaansfonds gestig om akademië van wêreldgehalte in 'n inspirerende akademiese omgewing in diens te neem om sodoende die beste studentetalent te lok. Die Dekaaansfonds het dus ten doel om top akademië te lok en te behou, geïnspireerde leerruimtes te skep en studentetoegangsbeurse te befonds.

Hierdie jaar wil ons egter 'n sterk fokus plaas op **Studentetoegangsbeurse**:

Die Fakulteit poog om studente-inname, diversiteit en die gradueringskoers te verhoog. Dit vind plaas in direkte reaksie op die gebiedende noodsaaklikheid vir meer gekwalifiseerde ingenieurs in ons wêreldstreek. Studentetoegangsbeurse is 'n middel om sodanige talent na die Fakulteit te lok.

Hierdie beurse sluit die volgende in:

- Beurse vir goeie presteerders
- Beurse vir finansiële behoeftige studente met hoë potensiaal
- Brugjaar-beursprogram vir benadeelde leerders

In hierdie moeilike ekonomiese omstandighede is daar veral 'n groot behoefte aan addisionele befondsing vir beurse vir verdienstelike studente – en ons wil graag op u 'n beroep doen om 'n bydrae in hierdie verband te maak. Ongeag hoe groot of klein u skenking – dit kan 'n verskil maak. U ondersteuning, aktivisme en entoesiasme kan ons help om 'n beurs te verskaf vir 'n talentvolle jong ingenieur in wording.

As Dekaan nooi ek u persoonlik uit om 'n skenking te maak om hierdie Fakulteit te help om sy doelwitte te bereik. Word 'n vennoot en help ons om ingenieurswese in hoër onderrig te bevorder sodat dit lewens in Afrika kan verander. Skakel asseblief met Linda Diedericks by die Kantoor vir Alumniverhoudinge by 021 808 2948 of matiesalumni@sun.ac.za om u ondersteuning te bied.

Vriendelike Groete,

Hansie Knoetze

Prof Hansie Knoetze
Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese